NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2018

## AFDELING A LEESBEGRIP

### VRAAG 1 KOERANTARTIKEL

1.1 Joey en 'n Mafiabaas sit albei met saamgevoude vingers. Hy sit met sy knaagdiernaels voor hom gevou soos 'n Mafiabaas sal sit met sy vingers inmekaar geryg. (Iets soortgelyks.) (1)

1.2 aangeval (1)

1.3 tronk/gevangenes (1)

1.4 Joey het sy **naels en tande** gebruik. (1)

1.5 1.5.1 Hy het voetspore in die sneeu in die oprit gesien. (1)

1.5.2 Deure wat Adam toegehou het, was oop. (1)

1.6 1.6.1 Onwaar (1)

1.6.2 probeer (1)

1.7
- Hy het van Adam Pearl se besittings by hom gehad.
- Sy hande het krapmerke (en bytmerke) op gehad. (2)

1.8 'n Waghond word opgelei om jou en jou besittings te beskerm/te bewaak. (1)

1.9 Hy het nie gedink Joey kan so gewelddadig wees nie.
. . . sal gevaarlik wees nie.
. . . sal hom verjaag nie. (Iets soortgelyks) (1)

**[12]**

### VRAAG 2 VISUELE BEGRIP – ADVERTENSIE

2.1 Woodland Hills (1)

2.2 RE/MAX of Rhonalda van Zyl (namens RE/MAX) (1)

2.3 Mense wat 'n (nuwe) huis wil koop/ryk/welgestelde mense. (1)

2.4 Facebook en Twitter (2)

2.5 Die skuifdeure maak oop op die tuin en swembad.
Dit het 'n kroeg wat op 'n natuurreservaat uitkyk. (2)

2.6 Dit verwys na die manier hoe jy die agent kan kontak, m.a.w. per selfoon. (1)

2.7 Die leser kan die agent(skap) **e-pos**.
(op RVZ@remax.co.za = verkeerd!) (1)

**[9]**

## VRAAG 3 VISUELE BEGRIP – SPOTPRENT

3.1
- Hulle is die versorgers.
- Hulle moederlike instink laat hulle so optree.
- Hulle sal altyd sorg dat die gesin iets het om te eet.

(Enige een) (1)

3.2 (aan) Gholf en visvang/hengel (2)

3.3 Die lyntjies/strepies agter die wiel en agter die man se kop dui beweging aan. (1)

3.4 3.4.1 Vrouens is die tuisteskepper/maak huis skoon. (1)

3.4.2 Daar is 'n besem in haar hand. (1)

3.5 3.5.1 Sy staan met haar hand in haar sy/op haar heup. (1)

3.5.2
- Haar mondhoeke hang.
- Sy trek haar mond skeef.
- Haar ooglede hang (oë is half toe).
- Haar wenkbroue is na onder gekeer.

(Enige een) (1)

3.6 'n Mens sal nie die winkeltrollie huis toe kan neem nie. (1)
**[9]**

**30 punte**

## AFDELING B OPSOMMING

## VRAAG 4 VYF OPINIES OOR DIE GEBRUIK VAN SELFONE BY DIE SKOOL

**NB –** Almal wat hierdie vraag nasien, moet die punte op dieselfde manier op die kandidaat se vraestel aanbring. Die sub-eksaminator sal hierdie metode tydens die nasiensessie vasstel en oordra.

**Let op na die volgende nasienriglyne vir die opsomming:**

- Elke punt/sin tel 2 punte. As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Kommas en voegwoorde mag gebruik word.
- Indien al 5 sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Taal- en spelfoute word nie gepenaliseer nie.
- Minus 1 vir enige direkte aanhalings.
- Formaat: minus 1 as die sinne nie genommer is nie. Geen ander formaatfoute word gepenaliseer nie.
- Minus 1 as daar minder as 60 of meer as 80 woorde is, of as daar geen woordtelling is nie.
- **die** en **'n** tel as deel van die woordtelling.

| Mening | Rede |
|---|---|
| **1.** Leerders wil hulle selfone by hulle hê | sodat hulle kan weet wat by die skool aangaan. |
| **2.** Leerders is beter af met hul selfone byderhand | want dit laat hulle rustiger voel. |
| **3.** Leerders mag nie die selfone gedurende lestyd hê nie | dan sal hulle op die klaswerk konsentreer. |
| **4.** Leerders moet hulle selfone byderhand hê | want ouers kan dan enige tyd hulle kinders kontak. |
| **5.** Kinders moet hulle selfone gereeld gebruik | sodat hulle tred hou met nuwe tegnologie. |

1. Leerders wil hulle selfone by hulle hê sodat hulle kan weet wat by die skool aangaan.
2. Leerders is beter af met hul selfone byderhand, want dit laat hulle rustiger voel.
3. Leerders mag nie die selfone gedurende lestyd hê nie, dan sal hulle op die klaswerk konsentreer.
4. Leerders moet hulle selfone byderhand hê, want ouers kan dan enige tyd hulle kinders kontak.
5. Kinders moet hulle selfone gereeld gebruik sodat hulle tred hou met nuwe tegnologie.
   (79 woorde)

**10 punte**

## AFDELING C POËSIE

### VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – *DAAROM*

5.1 (na) Sy tienerjare./Die oorgangsfase van kind na volwassene. (1)

5.2 My gesig lyk so sleg dat selfs die spieël daarvoor sal skrik. (1)

5.3 Dit dui op 'n verdere verduideliking van dit wat net vóór die dubbelpunt gesê is. (Iets soortgelyks) (1)

5.4 5.4.1 Onwaar (1)

5.4.2 "my bolip se dons bleek" (1)

5.5 Dit verwys na die seun se slegte vel. (kratergesig)
Dit beteken dat hy 'n gek van homself maak/Hy voel soos 'n gek. (2)

5.6 C – enjambement (1)

5.7 Hy weier om sy kuif vir enige rede te sny. (1)

5.8 Frustrasie/gefrustreerd/moedeloos (1)
**[10]**

### VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – *STERREKYKER*

6.1 6.1.1 Die man op die maan bestaan nie. Dit is 'n fiktiewe karakter na wie jy verwys as jy iemand nie glo/ken nie. Slegs die man op die maan weet watter geluk/liefde 'n mens sal vind. (1)

6.1.2 'n Fiktiewe karakter kan nie haar (liefdes)geheim verklap nie. Die man op die maan sal haar (liefdes)briewe verstaan. (1)

6.2 6.2.1 Pyl en wilgerboog (1)

6.2.2 Liefdesbriewe (1)

6.3 Romanse (1)

6.4 B – hiperbool (1)

6.5 "Nou" (1)

6.6 Dit verwys na die leser. (1)

6.7 Die woorde in parentese verwys na inligting wat buite die (vloei van) die gedig staan. (1)

6.8 Die spreker wend haar na die sterre vir antwoorde oor die liefde. Hierdie antwoorde moet in die sterre gevind/gesoek word. (1)
**[10]**

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – *DIE TOEKOMS IN DIE STERRE*

7.1 Dit is 'n vrye vers-gedig/Vrye vers. (1)

7.2 "sterwende sterre" (Hulle móét die s-klank onderstreep!) (1)

7.3 Dit suggereer dat die spreker op sy voorkoms (sterk arms/kuiltjies) fokus (1) eerder as wat hy vir haar sê (... omdat sy van hom hou). (1) (2)

7.4 Hy glimlag vir (is vriendelik met) haar./Hy terg (skerts met) haar. (1)

7.5 "perde hardloop in my hart" (reël 11) of "ek styg op, raak ligter" (reël 10). (1)

7.6 7.6.1 Dit is ’n metafoor vir die spreker se liefde vir die seun. (1)

7.6.2 Net soos 'n supernova baie helder sal skyn voordat dit heeltemal verdwyn, sal die spreker se liefde/obsessie vir die seun, wat tans sterk/helder is, oor vyftien jaar nie meer bestaan nie. (Iets soortgelyks is korrek.) (2)

7.7 Om die klem/fokus in die laaste reël op "jou" te plaas. (1)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING D TAALVAARDIGHEID

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Die boer sê dat dit nie vandag sal reën nie./Die boer sê dat dit vandag nie sal reën nie. (1)

8.2 Gister het die boer na die watermeter op sy plaas gestaan en kyk. (1)

8.3 Die staat help die boere omdat daar 'n groot droogte in die Vrystaat is. (1)

8.4 Die stoep waarop die boer se vrou staan, is vol stof. (1)

8.5 Dit het 'n jaar gelede op sowel die plaas as oor die hele distrik gereën. (1)

8.6 Die droogte sal binnekort deur 'n groot donderstorm gebreek word. (1)

8.7
- Die boer gaan 'n nuwe watertenk koop om die reënwater te kan opvang.
- Die boer gaan 'n nuwe watertenk koop om die reënwater op te vang. (1)

8.8 Almal behoort die reëls te volg om water te bespaar. (1)

8.9 Die boer het die windpomp herstel; intussen het sy vrou die waterkanne vol water gemaak. (1)

8.10 Nee, dit was nog nooit so droog in die Vrystaat nie. (1)

8.11 Verlede week het hy 'n warrelwind gesien (1) toe dit oor die droë grond gewaai het. (1) (2)

**[12]**

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

**NB: Spelling tel in hierdie vraag.**

9.1 glo
9.2 twaalf
9.3 gelede
9.4 doodbang
9.5 toe
9.6 kleuterskool
9.7 kindertjies
9.8 rokke
9.9 agter
9.10 gestrykte
9.11 lekkerste
9.12 minder
9.13 sportsoorte
9.14 dit wil sê
9.15 erken
9.16 my **[16 × ½ = 8]**

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

**Taal – 1 punt**

**Inhoud – 1 punt**

10.1 Ek is baie jammer, maar die taxi wat my gebring het, het in die swaar verkeer vasgesit.

(17 woorde) (2)

10.2 Dis alles in orde, Meneer. U kan met die volgende vlug vlieg, want die vliegtuig is nie vol nie.

(19 woorde) (2)

10.3 Dit is absoluut onaanvaarbaar! My kinders is te jonk om op hulle eie/alleen/ver van my af/in die vliegtuig te sit.

(18 woorde) (2)

10.4 Mamma, ek wil by jou sit, want ek is bang iets gebeur met/op die vliegtuig.

(15 woorde) (2)

10.5 Dames en Here, vlug JE224 is met een uur vertraag omdat daar 'n tegniese probleem is.

(16 woorde) (2)
**[10]**

**30 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2018